



# basic education

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**2018**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 10 bladsye.**

**AFDELING A: LEESBEGRIP****ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geignoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder gee 'n volsin, is dit korrek **MIT** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, sien SLEGS die eerste TWEE/DRIE na.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

**VRAAG 1**

**TEKS A: Ayanna Williams: Wêreldrekordhouer vir die langste vingernaels**  
SIEN BETEKENIS NA. VRA TELKENS DIE VRAAG: IS DIE KERN AANGERAAK?)

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.1	(In) Houston (in Texas)	1
1.2	Ayanna ... <ul style="list-style-type: none"> <li>• is anders as gewone oumas.</li> <li>• se naels is langer (as gewone oumas se naels).</li> <li>• is 'n wêreldrekordhouer/is in die <i>Guinness World Records Book</i>. (vir die vrou met die langste naels) (Of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
1.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 60 cm</li> <li>• Toe <i>Guinness World Records</i> haar naels gemeet het, was elke nael gemiddeld 60 cm lank. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
1.4	Ayanna se linkerduimnael/Dit is langer as die kortste man wat nog ooit geleef het.	1
1.5.1	negatiewiteit	1
1.5.2	bewondering	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.6	<ul style="list-style-type: none"> <li>• (Ayanna se/Haar) ma se naels was ook lank.</li> <li>• Ayanna se/Haar ma ...</li> <li>○ het vir haar die idee/voorbeeld gegee/idee in haar kop geplant om haar naels te laat groei.</li> <li>○ het die belangstelling (in)/passie (vir) (lang naels) by haar wakker gemaak.</li> <li>• Ayanna/Sy kry haar passie by haar ma.</li> <li>• Haar ma was haar rolmodel.</li> <li>• Sy het dit by haar ma gesien.</li> </ul> <p><i>(Of soortgelyk aan bogenoemde; Vra die vraag: is die kern aangeraak?)</i></p>	1
1.7	<ul style="list-style-type: none"> <li>• A</li> <li>• vir soveel jare al snags met sulke lang naels te slaap.</li> <li>• A vir soveel jare al snags met sulke lang naels te slaap.</li> </ul> <p><i>(Enige EEN)</i></p>	1
1.8.1	Ayanna gebruik 'n naelverharder ✓ EN sy verf ('n dun lagie) akriel ✓ op haar naels.	2
1.8.2	Ayanna maak haar naels gereeld skoon met 'n <b>antibakteriese</b> seep ✓ EN 'n (spesiale) naelborseltjie ✓.	2
1.9.1	prakties	1
1.9.2	perfeksionisties	1
1.10	<ul style="list-style-type: none"> <li>• een (1) (botteltjie) /'n botteltjie</li> <li>• (Gewoonlik twee –) een vir elke hand</li> </ul>	1
1.11	<p>Ayanna ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• trek baie <b>versigtig</b> aan.</li> <li>• trek baie <b>stadig</b> aan.</li> <li>• <b>kry/vra hulp</b> om (langbroeke) aan te trek/iemand help haar.</li> </ul> <p><i>(Of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p>	3
1.12	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Met sulke lang naels kan Ayanna nie haar hare maklik was en kam nie.</li> </ul> <p><i>("Hare" behoort in antwoord te figureer.)</i></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• "Verder bly dit moeilik om my hare te was en te kam al is ek 'n opgeleide haarkapster."</li> </ul> <p><i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p>	1
1.13	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• baie kwaad word.</li> <li>• C baie kwaad word.</li> </ul> <p><i>(Enige EEN)</i></p>	1
1.14	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Vir Ayanna is haar naels haar versiering/laat haar mooi lyk.</li> <li>• Ayanna se naels rond haar uitrustings af/is haar bykomstighede.</li> <li>• Vir Ayanna is haar naels kosbaar/spesiaal.</li> </ul> <p><i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p>	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.15	<p>Oop vraag.</p> <p>Die punt word nie toegeken bloot vir die opinie (bv. Ek hou daarvan) nie. Die kandidaat moet die opinie met 'n motivering staaf om die punt te verdien.</p> <p><u>Voorbeeld:</u> Ek hou nie daarvan nie. Sulke lang naels is net nie prakties nie.</p> <p><b>OF</b></p> <p>Die opinie kan ook IMPLISIET in die motivering verskyn.</p> <p><u>Voorbeeld:</u> Nee, sulke naels is nie prakties nie./Sulke lang naels is nie prakties nie.</p>	1
1.16	<p>Ja.</p> <p>Die onderhoudvoerder gee vir die lesers 'n duidelike beeld van Ayanna Williams/bevredig die lesers se nuuskierigheid oor hierdie rekordhouer. (Of soortgelyk aan bogenoemde) (Indien die kandidaat na die teks verwys, sal enige brokkie inligting oor Ayanna as 'n moontlike antwoord aanvaar word.)</p> <p><b>OF</b></p> <p>Nee.</p> <p>Die onderhoudvoerder het te min op Ayanna se persoonlike lewe gekonsentreer/gee vir lesers te min inligting oor Ayanna se persoonlike lewe. (Of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
1.17	<ul style="list-style-type: none"> <li>• So 'n geskrewe onderhoud gee net die nodigste inligting/opsomming.</li> <li>• Met hierdie formaat is daar nie lang paragrawe om te lees nie.</li> <li>• 'n Mens kan soeklees vir inligting waarin jy belangstel.</li> <li>• So 'n geskrewe onderhoud lees maklik.</li> <li>• 'n Gewone tydskrifartikel word net vanuit een oogpunt (subjektief) geskryf. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1

**TEKS B: TABEL**

<b>VRAAG</b>	<b>ANTWOORD</b>	<b>PUNT</b>
1.18	(om die) toilet te spoel	1
1.19	tande borsel	1
1.20	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• troeteldiere</li> <li>• C troeteldiere (Enige EEN)</li> </ul>	1
1.21	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Jy gebruik minder water/net 9 liter water as jy die skottelgoed met die hand was.</li> <li>• Die skottelgoedwasser gebruik meer/31 liter water per was.</li> <li>• Jy spaar water.</li> <li>• Om skottelgoed met die hand te was, gebruik 9 liter en 'n skottelgoedwasser gebruik 31 liter. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
1.22	B	1
1.23	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Daar is prentjies/simbole.</li> <li>• Daar is nie baie woorde om te lees nie.</li> <li>• Jy hoef nie met moeilike woordeskat te sukkel nie.</li> <li>• Die prentjies wys (duidelik) waarom die tabel gaan. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING****VRAAG 2****Nasien van die opsomming**

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10
  
- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 korrekte feite: 1 punt
  - 4–5 korrekte feite: 2 punte
  - 6–7 korrekte feite: 3 punte

**OF**

- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  - 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 1–5 korrekte aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

**LET WEL:**

- **Getal woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde verifieer.
  - Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
  - Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die 70-woordegrens nasien en die res van die opsomming ignoreer.

<b>TEKS C: WAT JY MOET DOEN AS JY IN 'N BRANDENDE HUIS IS</b>		
<b>DIREKTE AANHALING</b>		<b>EIE WOORDE</b>
<b>Maak dus seker jy weet waar die brandblusser hang.</b> 'n Brandblusser sal dalk nie 'n hele brand kan blus nie, maar <b>dit kan jou help om 'n pad na buite deur die vlamme te kry.</b>	1	Jy moet onthou/weet waar die brandblusser is./Gaan kry die brandblusser./Maak vir jou 'n pad na buite met die brandblusser./Gebruik die brandblusser om vir jou 'n pad na buite te maak.
As jy vasgekeer is in 'n brandende huis, <b>maak die deur van die vertrek waarin jy is, toe.</b>	2	Maak die <b>vertrek</b> waarin jy is, se deur toe.
As jy nie vasgekeer is nie, maar die deur is reeds toe, <b>moet jy eers aan die toe deur voel voordat jy dit oopmaak.</b>	3	Jy moet eers aan 'n toe deur voel (of dit koud is) (voordat jy dit (met veiligheid) kan oopmaak).
Baie mense sterf van rookinaseming. <b>Dit is hoekom jy jou mond en neus met iets nats moet bedek.</b>	4	Maak jou mond en neus (met iets nats) toe./Moenie rook inasem nie.
<b>As jy so laag as moontlik op die grond bly, sal jy ook minder rook inasem.</b>	5	Bly laag op die grond.
Sodra jy veilig uit die brandende huis is, <b>moet jy glad nie probeer om terug te gaan nie.</b>	6	Moenie teruggaan in 'n brandende huis in nie.
Hou 'n tas met noodhulpvoorrade byderhand <b>sodat jy dit net kan gryp en hardloop.</b>	7	Hou 'n tas met noodhulpvoorraad/die nodigste dinge in, gereed./Gryp 'n tas met noodhulpvoorrade. (64 woorde)
<b>TOTAAL AFDELING B: 10</b>		
<p><b>LW</b> Kandidate mag nie bloot 'n stelling maak sonder om te noem wat 'n mens moet doen nie.</p> <p><b>Bv.</b> 'n Brandblusser kan jou help om 'n pad na buite deur die vlamme te kry. ✘ Gebruik die brandblusser om vir jou 'n pad na buite deur die vlamme te kry. ✓</p> <p>Baie mense sterf van rookinaseming. ✘ Baie mense sterf aan rookinaseming; bedek dus jou mond en neus. ✓</p>		

**AFDELING C: TAAL****ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
  - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

**VRAAG 3****TEKS D: ADVERTENSIE**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.1	'n mens se <b>aandag</b> te trek	1
3.2	die	1
3.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• ongelooflike</li> <li>• fantastiese</li> <li>• wonderlike</li> <li>• spesiale</li> <li>• beste/puik/uitstekende</li> </ul> <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
3.4	Smullekker	1
3.5	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• manipulering</li> <li>• B manipulering</li> </ul> <i>(Enige EEN)</i>	1
3.6	geroosterde	1
3.7	(Jy moet) elke oomblik kom geniet! (Jy moet) elke oomblik kom geniet.	1
3.8	(S)straat/Noordstraat	1
3.9	ONTBYT/ontbyt	1
3.10	Jou	1



**VRAAG 4****TEKS E: STROKIESPRENT**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.1	Jeremy rol gewoonlik sy oë as sy ma met hom praat./Hy raak gewoonlik geïrriteerd met sy ma.	1
4.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ek het <b>vier</b> nuwe boeke gekoop. (telwoord)</li> <li>• Hy het 'n <b>vier</b> geslaan. (s.nw.)</li> <li>• Hulle was 'n groep van <b>vier</b> wat die vergadering bygewoon het. (s.nw.)</li> <li>• Die prinsipaal het die stout kind onder <b>vier</b> oë gespreek. (idioom/uitdrukking) (Enige aanvaarbare sin waar die ander betekenis van <b>vier</b> duidelik is.)</li> </ul>	1
4.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Jeremy, het jy nie my bril gesien nie? (met of sonder aanhalingstekens)</li> <li>• Het jy nie my bril gesien nie? (met of sonder aanhalingstekens)</li> <li>• Het jy nie my bril gesien nie, Jeremy?</li> <li>• Ma vra vir Jeremy: "Het jy nie my bril gesien nie?"</li> <li>• Ma vra: "Jeremy, het jy nie my bril gesien nie?"</li> <li>• Ma vra: "Het jy nie my bril gesien nie, Jeremy?" (Enige EEN)</li> </ul>	1
4.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Daar is druppels/druppels sweet rondom sy kop.</li> <li>• Die uitdrukking op sy gesig/hy knyp sy mond toe/sy mond/sy (dun) lippe.</li> <li>• Jeremy rek sy oë (wyd)./Sy oë. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
4.5	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• (Jy) byt op jou tande.</li> <li>• C Jy byt op jou tande. (Enige EEN)</li> </ul>	1
4.6	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ma spreek die woord "stadig" stadig uit.</li> <li>• Ma beklemtoon die woord "stadig".</li> <li>• Aanvaar ook: Ma praat stadig. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
4.7	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Jeremy se oë het heeltemal uitgespring.</li> <li>• Jeremy het sy oë gerol.</li> <li>• Jeremy skree op sy ma/"Maa!!!!"/Jeremy se mond is oop. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1
4.8.1	opgewonde	1
4.8.2	teleurgesteld	1
4.9	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• is geïrriteerd met hulle ouers.</li> <li>• B is geïrriteerd met hulle ouers. (Enige EEN)</li> </ul>	1

**VRAAG 5****5.1 TEKS F: TWEE ENTREPRENEURS SE BESIGHEID GROEI**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.1.1	vier en twintig/vier-en-twintig	1
5.1.2	Deur	1
5.1.3	bestuur	1
5.1.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>In 2012 <b>het</b> Zwanga en Luther begin studeer.</li> <li>Zwanga en Luther <b>het</b> in 2012 begin studeer.</li> </ul>	1
5.1.5	Dit het hulle <b>nie</b> tevrede gestel <b>nie</b> .	1
5.1.6	(Daarom het hulle besluit) <b>om</b> die Ventso Group <b>te</b> begin.	1
5.1.7	grootste	1
5.1.8	'n Spesiale diens <b>word deur</b> die Ventso Group <b>gelewer</b> .	1
5.1.9	produkte	1
5.1.10	verhuur	1
5.1.11	Luther sê <b>dat</b> 'n mens altyd hard moet werk.	1
5.1.12	uitstaande	1
5.1.13	geduldig	1
5.1.14	daarmee/hiermee	1

**5.2 TEKS G: PRENT**

5.2.1	vlieënier	1
5.2.2	lin-ker-hand/lin+ker+hand (Die kandidaat kan dit op enige aanvaarbare wyse aandui, solank die lettergrepe duidelik is.)	1
5.2.3	skoonmaker	1
5.2.4	voorskoot	1
5.2.5	strikdassie	1
5.2.6	werksklere	1

**TOTAAL AFDELING C: 40****GROOTTOTAAL: 80**